

Donderdag 24 September

Skrifgedeelte: Ester 6:1-13

Fokusgedeelte: Ester 6:1-13

Toeval vir die ongelowige oog. God se ingrype vir die gelowige oog

Mense skryf gebeure so maklik toe aan toeval. Mens hoor selfs gelowiges dikwels sê dat hy of sy toevallig daar was waar dit of dat gebeur het. Tog kan ons as gelowiges nie van toeval praat nie, want toeval beskryf 'n toestand waar dinge lukraak saamkom om iets te laat gebeur of ontstaan. As kinders van God kan ons nie anders as om sy hand aan stuur van sake te sien wanneer dinge wat oënskynlik nie by mekaar pas nie, tog saamkom om iets wonderliks tot stand te laat kom.

Mens sou hierdie gebeure met Haman en Mordegai juis binne hierdie raamwerk kon plaas. Dit is 'n slapelose aand vir die koning. Om weer aan die slaap te raak, lees hy uit die annale van die konings. 'n Aksie met die doel om hom weer aan die slaap te maak, bring hom op daardie tydstip op die gebeurtenis van Mordegai se heldedaad af. 'n Daad wat bewys dat hy getrou is aan die koning. 'n Onmisbare deel van die koning se personeel.

Die koning besluit om hom nou daarvoor te vereer, op 'n tydstip waar Haman 'n galg gebou het om vir Mordegai om die lewe te bring. Mordegai word vereer op die tydstip wat baie meer voordelig vir hom is as wat dit sou wees as hy destyds daarvoor vereer is. Die koning vra die een persoon wat alles in sy vermoë doen om Mordegai uit die weg te ruim hoe iemand aan wie die koning eer wil bewys, vereer moet word. Haman se gedagtes is nie toevallig op daardie tydstip met sy eie eer besig nie.

Daar is niks lukraak aan hierdie gebeurtenisse nie. Waar Haman en die res van die wêreld slegs toeval sien, weet Mordegai dat hy deur die almag en voorsienigheid van God bewaar word.

Kyk vandag na die oomblikke waar ander toeval sien met die oë van 'n gelowige en sien 'n oomblik van God se ingrype, 'n oomblik van sy voorsienigheid!

Sing: Skrifberyming 1-1:1-3

Ds. D Kotzee (Dirk) (Pretoria-Alkantrant)